**4 Mei** **SKRIFGEDEELTE: LEVITIKUS 10:8-20**

**FOKUSGEDEELTE: LEVITIKUS 10:8-11**

## Wees nugter in gebed

Wat ons in hierdie paar verse hoor is dat hier nie ‘n algemene verbod op die drink van drank geplaas word nie. Dit het in daardie tyd te doen met “in helder nugterheid” offers bring. Nugterheid sodat daar nie foute gemaak word of van die voorskrifte wat nagekom moet word, afgewyk sal word vanweë drankbeneweldheid nie. Enige iets wat vergissing in die hand kan werk, moes voorkom word.

Hieruit leer ons beslis iets ten opsigte van hoe ons “offers” voor die Here behoort te bring. Daarmee word bedoel hoe ons in gebed voor die Here nader behoort te kom. Die heel belangrikste: ons moet helder en nugter wakker wees as ons met die Here praat. Ons kan ook sê: ons moet presies weet wat ons besig is om te doen.

Daarom moet ons oppas om onnadenkend maar net rympies op te sê of stereotipe woorde te gebruik. So bid dat ons nie eens meer weet wat of besef dat ons bid of nie na behore besef met Wie ons praat nie.

Dit was Calvyn wat iewers geskryf het dat hy soms meer tyd aan voorbereiding vir gebede as preke bestee. Laat ons ook leer om te dink voor en terwyl ons bid sodat ons gebede “offers” kan wees wat vir God welgevallig is. Daarom moet in afhanklikheid van die Heilige Gees gebid word.

*Sing: Ps. 86:6* *Ds Piet Fanoy (Ontdekkers)*